**29 September**
**Skrifgedeelte: Markus 10:17-31 (OAV)**
**Fokusgedeelte: Markus 10:21-22**

**Volg Jesus sonder reserwes**

Dit was vir Jesus ‘n goeie getuienis wat Hy van hierdie jongman hoor (Matt 19:20). Ten spyte van dié goeie getuienis is daar tog iets wat die deur na die skat in die hemel vir hom toehou – die jongman kom iets kort, sê Jesus. In sy wetsonderhouding is daar ‘n afdeling waar hy nie bereid is om Jesus te volg nie: sy besittings. Hy het die lewensterrein van sy aardse goed slegs vir homself gereserveer. Die HERE God voer nie heerskappy oor sy hele lewe nie.
Jy is ook ‘n onderhouer van God se gebooie – so sien ander mense jou ook. Intussen het jy sekere “besittings” waarop die onsigbare woorde staan: “Gereserveer as my persoonlike eiendom!”
* Daar is die “besitting” van jou huwelik: Ék sê wat moet gebeur in ons huwelik. Ék het nie nodig om verskoning vir foute te vra nie. Jesus sê vir jou: “Mens, jy kom iets kort!”
* Die “besitting” van jou familieverhoudinge: Ek is nie bereid om die spanning tussen my en my broer, swaer en skoonsuster te herstel nie. Jesus sê: “Jy kom iets kort!”
* Die “besitting” van jou inkomste: Geen ouderling of predikant sal vir my sê hoeveel ek as dankoffer moet afdra nie. Ook jy kom iets kort! Jy volg Jesus nie met jou hele hart nie.
Raak ontslae van jou reserwes! Jesus het sy lewe sonder enige reserwe kom gee, sodat jy ‘n skat in die hemel kan hê. Die Heilige Gees skenk wedergeboorte en geloof aan God se kinders, sodat hulle Jesus sonder reserwe kán volg na die skat in die hemel.
*Sing: Psalm 119:10,11 Ds RL Vorster (Odendaalsrus)*